Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

DIE EERSTE SITTINGSDAG VAN DIE NUWE PROVINSIALE PARLEMENT

FEITEBLAD 1

HERSIENING 1, 4 JULIE 2016

Die eerste sitting van die Provinsiale Parlement na ’n verkiesing vind plaas ooreenkomstig reëls wat deur die Regter-President neergelê is. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, vereis dat drie take by hierdie sitting uitgevoer word. Die take is:

- die inswering van Lede;
- die verkiesing van die Premier; en
- die verkiesing van die Speaker en die Adjunkspeaker.

Lede kan kies om óf ’n eed óf ’n plegtige verklaring van getrouheid af te lê en lede doen dit gewoonlik voor die Tafel in die Raadsaal in groepe van tot vyf.

Nadat al die Lede ’n eed of ’n plegtige verklaring afgelê het, gaan die vergadering voort met die verkiesing van die Premier.

Die Voorsittende Beampte vra om nominasie van kandidate as Premier. Nominasies word op ’n voorgeskrewe vorm gemaak. Die vorm moet deur twee Lede van die Provinsiale Parlement onderteken wees asook deur die persoon wat genomineer word.

Indien slegs een persoon genomineer word, verklaar die Voorsittende Beampte daardie kandidaat as eenparig verkies. Indien meer as een kandidaat genomineer word, moet daar by wyse van geheime stemming gestem word met elke teenwoordige Lid wat een stem uitbring. Ná die stemming kondig die Voorsittende Beampte die naam van die suksesvolle kandidaat aan.

Dieselfde reëls wat vir die verkiesing van die Premier geld, is ook vir die verkiesing van die Speaker van toepasing. Nadat die Speaker verkies is, neem die suksesvolle kandidaat die Stoel van die Speaker in en spreek hom- of haarself uit oor die eer wat aan hom of haar bewys is.

Indien ’n Adjunkspeaker verkies word, is dieselfde reëls van toepassing behalwe dat die Speaker as voorsitter tydens die verkiesing optree.

Posbus 648, Kaapstad
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa
8000, Mzantsi Afrika

www.wcpp.gov.za
+27 21 487 1600